

**Donderdag 2 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 3:1-11, 18**

**Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 3:8, 18; 1 Petrus 4:14**

**Die Heilige Gees is die Gees van heerlijkheid**

Ons het die woord “heerlikheid” 13 keer in hierdie paar verse gelees. “Heerlikheid” dui op iets wat gewichtig is. Dit dui ook op die glans en skittering soos van ’n lig. So word die Here se skitterende majesteit beskryf. Die Israeliete kon nie die volle heerlijkheid van God sien en bly leef nie. Dikwels het ’n wolk die heerlijkheid van die Here versluier. Die woord beteken ook om die Here *lof en eer toe te bring*.

Vers 18 stel dat ons almal die heerlijkheid van die Here weerspieël. Iets van hierdie heerlijkheid van die Here moet ons uitstraal! Verder sê vers 18 dat die Here wat die Gees is, dit doen. Ná sy hemelvaart is Christus *met eer en heerlijkheid gekroon*. En kort ná sy hemelvaart word die Heilige Gees as die Gees van die heerlijkheid uitgestort. Die Gees laat die hemelse glans en heerlijkheid van dit wat Christus gedoen het, op aarde realiseer. Hy doen dit deur God se kinders, wat iets van Christus se heerlijkheid moet weerspieël.

Ons is soos spieëls – ons moet die beeld van God wat op ons val, weer-kaats. Ons leef nie in die eerste plek om ons eie beeld weer te gee nie. Ons kan een van twee dinge deur ons lewe uitstraal: ’n negatiewe, hopelose uitsig op die lewe. Die Gees van heerlijkheid bestraal ons egter met Christus se heerlike oorwinning.

Daarom kan ons en moet ons die boodskap van moed en hoop uitleef. Ons sien nooit net doodloopstrate en donkerheid nie. Ons leef positief en beïnvloed almal om ons positief. Die helder sonstrale wat ons opvang en weerkaats, is die heerlijkheid van Christus, sy mag en majesteit en hoop wat deur ons lewe gesien en gehoor moet word.

*Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Petrusburg/Boshof)*